Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

27 Maart 2026

**NUUSBRIEF 11/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskoolatletiek**: HSB is ongelooflik trots op **Luan du Toit** wat die naweek aan die **SA Kampioenskappe** deelgeneem het. Nie net wen hy 'n **Goue medalje** vir verspring nie, maar ook 'n **Brons medalje** vir 100m. Sy aflosspan wen ook 'n **Goue medalje**. Om by SA's weg te stap met **drie medaljes** is 'n ongelooflike prestasie! **Ons is BAIE trots op jou, Luan!**

2. **Tweekamp: Wian Fourie** het Saterdag **21 Maart** aan die **SA Tweekampbyeenkoms** in Oudtshoorn deelgeneem. Hy behaal 'n **8ste plek** in die seuns o.9 afdeling. Hy behaal sy **persoonlike beste tyd en punte**. Mooi gedoen, Wian! Ons is trots op jou.

3. **Swimathon:** HSB het op **23 Maart** 'n Swimathon gehou. Daar was **60 deelemers** ingeskryf vir die Swimathon. Elke swemmer swem 30 minute en 'n borg betaal hulle dan per lengte of gee 'n donasie. Dit was 'n fondsinsameling vir die swembad se verhitting. Ons bedank graag ons borge: **Bonnievale Kelder, Bonnievale Piggery, Bonnievale Slaghuis, Germarie Samuel, Jaco Swart en Outdoor Arena.** Dankie dat ons altyd op julle ondersteuning kan staatmaak. Dankie ook aan elke swemmer en borg.

4. **Skooltye vir Tweede kwartaal:** Die skool begin weer op Woensdag, 8 April. Ons volg dan ons wintertye waar die skool begin om 07:55 en van Maandag tot Donderdag uitkom om 14:30. Vrydae is die uitkomtyd 12:55. Ons sal aanvanklik nog somersdrag dra aangesien daar nog baie warm dae in April voorkom. Normaalweg begin ons met amptelike wintersdrag vroeg in Mei. Ons doen graag 'n beroep op ons ouers om sommer die vakansie te gebruik om seker te maak dat u kind se wintersdrag gereed is.

5. **Akademie:** U kind sal vandag 'n rapport huis toe bring. Gaan dit asb. deeglik deur saam met u kind en bespreek sy/haar vordering met hom/haar. Ons skryf normaalweg slegs toetse in die Eerste kwartaal. In die Tweede kwartaal word eksamen geskryf oor heelwat meer werk. Dit is belangrik vir leerders om te verstaan dat hulle in die Tweede kwartaal HARDER sal moet werk om dieselfde punte te behaal, of om hul punte te verbeter indien dit tans nie na wense is nie. Baie geluk aan elke leerder wat hard gewerk het en die vrugte daarvan kon pluk. Leerders wat nog nie hul beste gegee het nie, moet asb. nou ernstig raak oor hul akademie en van die begin van die kwartaal hard werk sodat hulle 'n goeie uitslag kan kry.

   Ons plaas vandag ook die Top 3 leerders in elke graad. Baie geluk met julle mooi prestasies! Ek wil graag alle leerders aanmoedig om volgende kwartaal hard te werk om hul posisie in die rangorde te verbeter. Kom ons kompeteer in goeie gees sodat almal uiteindelik beter vaar!



6. **Vakansie:** Ons skoolvakansie begin vandag. Ek wil graag vir almal 'n geseënde tyd toewens. Geniet die rustigheid, vriende en familie en raak opnuut weer stil by jou Skepper. Ons het soveel om voor dankbaar te wees. Sien dit raak en waardeer dit. Wees veilig en kom uitgerus terug skool toe. Daar wag 'n besige kwartaal – maar vireers moet almal eers 'n bietjie gaan rus.

7. **Kwartaalprogram:** Ons gee vandag 'n elektroniese kwartaalprogram uit waarop die wintersporte se datums aangedui word. Gebruik dit gerus om u naweke te beplan. Ons sal op die eerste Vrydag van die nuwe kwartaal vir elke leerder 'n harde kopie daarvan gee.

8. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 27 Mrt | Skole sluit vir kwartaal 1 |
| Ma.& Di.<br>30 - 31 Mrt | Skaak werkswinkel<br>Gr.1 – gr.3 |
| Wo.& Do.<br>1 - 2 Apr | Skaak werkswinkel<br>Gr.4 – gr.6 |
| Wo. 8 Apr | Skole open vir kwartaal 2<br>Juf. Githe-Mari van Loggerenberg verjaar |
| Sa. 11 Apr | HS en LS sport vs De Villiers Graaff (weg) |
| Di. 14 Apr | 2027 Inskrywings vir gr.1 en gr.8 sluit<br>LS Montagu sport (weg) |
| Wo. 15 Apr | HS Sport vs Jakes Gerwel (tuis)<br>Oueraand gr.1 - 3 |
| Do. 16 Apr | LS Netbal Langeberg Proewe (HSB) |
| Sa. 18 Apr | Rûens Sportdag<br>HS Curro Hermanus sport (tuis) |
| Ma. 20 Apr | Oueraand gr.8-12 |
| Wo. 22 Apr | HS Montagu sport (tuis) |
| Do. 23 Apr | Juf. Surita Brink verjaar<br>LS Bontebok sport (tuis) |
| Vr. 24 Apr | Rian Boshoff verjaar |
| Wo. 29 Apr | Jan du Toit verjaar<br>Ashton Sekondêr sport (weg) |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**"An obstacle is often a stepping stone"**
**- Prescott -**

# Toppresteerders in elke graad

| **Graad 4** | **Graad 5** |
|---|---|
| Suné de Swardt<br>Georgio Jansen<br>Karlien Louw, Larissa Prins | Christian van der Merwe<br>Martiney van Staden<br>Janelle van Zyl |
| **Graad 6**<br>Alné Matthee<br>Annabelle Nieuwoudt<br>Juanri van Staden | **Graad 7**<br>Donné Nortier<br>Micku de Koker<br>Mikhail Arnolds |
| **Graad 8**<br>Arielle Strauss<br>Zaylin Witbooi<br>Kyra Niemand | **Graad 9**<br>Akua Mnukwa<br>Austin Siegelaar<br>Jaylin Jansen |
| **Graad 10**<br>Janien de Wet<br>Loumari Barnard<br>Inathi Mabuthile | **Graad 11**<br>Ithandile Msweswe<br>Melzané September<br>Jaylin Apri |
| **Graad 12**<br>Jada-Lee Lagorie, Tristan Nell<br>Owaziyo Makhutshi<br>Kyle Kuhn | |


SKAAK WERKSWINKEL
4IR EDULEAD
Learn Think Achieve
tydens Maart / April 2026 skoolvakansie
by Hoërskool Bonnievale
Skaak maak kinders SLIM!!!
Graad 1-6 leerlinge
Gr 1 tot Gr 3: 30-31 Maart 2026 | 08:30-15:00
Gr 4 tot Gr 6: 1-2 April 2026 | 08:30-15:30
Kostes: R30 per leerling vir 2 dae.
MiniSkaak bevorder:
Logiese denke & probleemoplossing
Konflikhantering, fokus & konsentrasie
Numeriese vaardighede (optel, maal, deel, fraksies)
Kritiese denkvaardighede
Taalvaardighede en lees
Ruimtelike bewustheid
Spanwerk en leierskapsontwikkeling
Bespreek by
Ronell Jordaan:
073 291 0450
MiniChess


Pre-Primère Skool
Irena Coetzee
NUWE AANSOEKE
2027
4-5 jaar Pikkies
6 jaar Graad R
Vanaf 23 Maart 2026
Tot 30 April 2026
Vorms kan by die skool gekry word
op weeksdae vanaf
7:30 – 12:30
023 616 2893
ic.kleuterskool@gmail.com






Op 'n Hoë noot!
Datum: 9 Mei 2026
Tyd: 19:00
Plek: NG Kerksaal, Bonnievale
Plaaslike- en gaskunstenaars, o.a.:
Teresa de Wit - mezzosopraan
Bennie van Eeden - pianis
André Serfontein - pianis/tenoor
Kaartjies & besprekings:
Aletta Els 082 493 2962
R50 - onbespreekte plekke
R100 en R150 bespreekte plekke
Desireé Wentzel vier 60 jaar
in die onderwys






FUEL
HSB
MINI-GHOLFDAG
Hoërskool Bonnievale wil graag aan almal dankie sê wat bygedra het tot die sukses van ons gholfdag.
Baie dankie aan ons borge vir julle ondersteuning, aan die deelnemers vir julle deelname en sportgees, en aan die organiseerders en helpers vir julle harde werk en toewyding.
Ons waardeer ook die gholfklub en restaurant vir die gebruik van julle fasiliteite en uitstekende diens. Dankie aan die besighede en individue vir die skenking van pryse en produkte.
Bonnies
SIEN JULLE BY DIE VOLGENDE GHOLFDAG !


FUEL
HSB
MINI-GOLF DAY
Bonnievale High School would like to thank everyone who contributed to the success of our golf day.
Thank you very much to our sponsors for your support, to the players for your participation and sportsmanship, and to the organizers and helpers for your hard work and dedication.
We also appreciate the golf club and restaurant for the use of your facilities and excellent service. Thank you to the businesses and individuals for the donation of prizes and products.
Bonnies
SEE YOU AT THE NEXT HOLE-IN-FUN !

# HOËRSKOOL BONNIEVALE
## Kwartaal program:   Kw 2 en 3 van 2026

| DATUM | | Dag | AKTIWITEIT |
|---|---|---|---|
| April | 7 | Di | HS Kaapse Wynland netbalproewe rondte 1 |
| | 8 | Wo | **SKOLE OPEN** |
| | 9 | Do | LS Dorpsproewe netbal & rugby (tuis) |
| | 11 | Sa | HS + LS vs DVG (weg) |
| | 14 | Di | LS vs Montagu (tuis) |
| | 15 | Wo | HS vs JGT (tuis) |
| | 16 | Do | LS Langeberg netbalproewe (tuis)<br>LS Langeberg rugbyproewe |
| | 18 | Sa | HS vs Curro Hermanus (tuis)<br>LS Rûens Sportdag |
| | 22 | Wo | HS vs Montagu (tuis) |
| | 23 | Do | LS vs Bontebok (tuis)<br>LS Wynland Noord netbalproewe<br>LS Noord-Boland rugbyporoewe |
| | 29 | Wo | HS vs Ashton Sekondêre Skool (weg) |
| Mei | 5 | Di | LS vs Robertson (weg) |
| | 9 | Sa | HS vs HS Bredasdorp (weg)<br>LS Wynland netbalproewe<br>HS Kaapse Wynland netbalproewe rondte 2 |
| | 13 | Wo | HS vs HS Robertson netbal (tuis) |
| | 14 | Do | LS vs Dagbreek (tuis) |
| | 16 | Sa | LS Montagu Sportdag<br>HS Weskaap netbalproewe rondte 1 |
| | 20 | Wo | HS vs Swellendam Sekondêre (weg) |
| | 21 | Do | LS vs Barrydale (tuis) |
| | 22 | Vr | LS Swellendam Sportdag |
| | 23 | Sa | LS Swellendam Sportdag<br>HS vs Montana (weg) |
| | 27 | Wo | HS vs Barrydale (tuis) |
| | 28 | Do | LS vs Barrydale (weg) |
| Junie | 6 | Sa | Trail Run (Swellendam) |
| | 26 | Vr | **SKOLE SLUIT** |
| Julie | 21 | Di | **SKOLE OPEN** |
| | 25 | Sa | LS Pikkie Sportdag<br>HS vs HS Swellendam (tuis) |
| Augustus | 1 | Sa | LS HSB Ideal Sportdag |
| | 11 | Di | LS vs Wakkerstroom-Wes (tuis) |
| | 15 | Sa | Interskole – HSB vs Franschhoek |